Maart 2011	
OMSENDBRIEF	
1	Kantoor sake
2	2011 Nasionale Veiling
3	Veiliingsreëls
4	2011 Opleidingskursusse
5	Embriospoeling – Kenia
6	Prestasietoetsing
7	2011 Joernaal
8	Registrasies
9	Opteling van diere
10	2011 Veilingsdatums
11	2011 Nampo
	Boran Beestelersgenootskap van Suid-Afrika Pobus 506, Bloemfontein, 9300 Tel: 051-4100 951 Fax:051-448 4220 / 086 572 0762 e-pos:boran@studbook.co.za

1. KANTOOR SAKE

'n Hartlike welkom aan ons twee nuwe personeellede! Ons vertrou dat hulle nog 'n lang en gelukkige verbintenis met die Genootskap sal hê.

Marié van der Schyff is vanaf 01 Februarie 2011 as assistent sekretaresse aangestel. Sy werk huidiglik op 'n halfdag basis en sal hoofsaaklik gemoeid wees met die hantering van keurings, die opstel van veilingskatalogusse en die gepaardgaande administrasie.

Mnr. Stephan Buys is vanaf 01 Maart 2011 as die Genootskap se Tegniese Adviseur aangestel. Hy het 'n passie vir die beesbedryf en het ook reeds sy kennis en vaardigheid in Amerika en Engeland uitgeleef. Stephan sal hoofsaaklik in die veld beweeg – plaasbesoeke doen en ons keurders op alle vlakke ondersteun.

2. 2011 NASIONALE VEILING

Die datum vir die 2011 Nasionale Veiling **is verander na 09 Julie 2011** en sal weer in die Afridome te Parys aangebied word. Inskryfvorms sal deur CMW Elite aan u versend word.

BAIE BELANGRIK

- Slegs gekeurde SP-diere sal toegelaat word. Bulle 30 maande en ouer en vroulike diere, dragtig of met kalf.
- Toegelate aantal inskrywings per teler:- 3 bulle en 3 vroulike diere.
- Die amptelike spoelrekords van diere wat aangebied word, moet gelewer word.
- Telers wat foto's van hul diere in die Nasionale Veilingsbrosjure wil plaas, moet self fotomateriaal aan CMW voorsien.

3. VEILINGSREëLS

Ons Genootskap toon uitstekende groei en ons word daarom genoop om van tyd –tot-tyd sekere aanpassings te maak.

Neem asb kennis dat voortaan **slegs gekeurde geregistreerde diere** op 'n veiling onder beskerming van die Genootskap aangebied kan word. Geen ongekeurde diere sal op die Genootskap se veilingskatalogus aangebring word nie.

'n Volledige stel opgedateerde Veilingsreëls is by die Kantoor beskikbaar. Dit sal ook op ons webtuiste, www.boran.org.za, beskikbaar wees.

4. 2011 BORAN OPLEIDINGS-KURSUSSE

Die opleidingskursusse word baie sterk aanbeveel en ons wil u aanmoedig om waar moontlik, die 2011 opleidings-kursusse by te woon. Dit behels 'n twee-dag kursus wat in samewerking met die LNR deur mnr. Clynton Collett aangebied sal word. Volledige opleidingsmateriaal, wat u ook na afloop van die kursus kan gebruik, sal beskikbaar gestel word.

Voorlopige kursusdatums:
22-23 Maart 2011 - Fonteine Borane – Noord-Wes.
April 2011 - Clynton Collett – Vrystaat
07-08 Junie 2011 – Tambaraine Boran – Mosselbaai
Oktober 2011 - Clynton Collett – Vrystaat.

Die doel van die opleidingskursusse is om aan bestaande, nuwe en voornemende telers volledige inligting, praktiese en administratiewe opleiding ten opsigte van stoetteling te gee. Die praktiese opleiding behels die fisiese ontleding van die Boran.

Vir verdere inligting kan u skakel met ons opleidingsbeampte, mnr. Clynton Collett – (051)654 0538 / 082-463 5936

5. EMBRIO SPOELINGS – KENIA

Keurings sal gedurende Maart 2011 in Kenia uitgevoer word en 'n lys met die goedgekeurde diere se nommers sal daarna by die Kantoor beskikbaar wees. Dit is noodsaaklik dat telers wat embrio's wil invoer, moet seker maak dat die embrio- en semenskenkers wel deur die Genootskap gekeur is. Indien 'n teler 'n dier buite die groep gekeurde diere vir gebruik wil laat keur, sal die keuringskoste vir sy eie rekening wees. Telers wat embrio's van ongekeurde diere invoer, doen dit op eie risiko en hierdie kalwers sal nie deur die Genootskap vir registrasie aanvaar word nie.

6. PRESTASIETOETSING

Tydens die 2010 Algemene Jaarvergadering was verpligte deelname aan prestasietoetsing goedgekeur. Speengewig van kalwers en die moeder se gewig by speen, moet aangemeld word. Aansoekvorms van die LNR was ook saam met die Oktober 2010 Omsendskrywe aan u deurgegee.

Ons merk egter dat baie min telers aan die bogenoemde besluit gehoor gegee het. Diegene wat nog nie by die LNR aangesluit het nie, moet dit asb. dringend doen.

Ons doen 'n ernstige beroep op elke teler om asb. die Algemene Jaarvergadering se besluite te eerbiedig. Die Genootskap se sukses word grootliks bepaal deur lede se samewerking. Dankie dat ons op u samewerking in die verband kan staatmaak.

7. 2011 JOERNAAL

Ons sien met groot opgewondenheid uit na die 2011 Joernaal. Ons opregte dank aan Lollie Botha vir haar profesionele diens en die samestelling van ons Joernaal. Baie dankie ook aan elkeen wat geadverteer of artikels beskikbaar gestel het. Ons het regtig groot waardering vir u deelname.

8. REGISTRASIES

Hou asb in gedagte dat ALLE kalwers van geregistreerde vroulike diere by Stamboek aangemeld moet word – ongeag of die kalfie geaborteer is, doodgaan of 'n B-bulkalfie is. Hierdie inligting word benodig ten einde die moeder se kalfrekord en interkalfperiodes op datum te hou.

Baie belangrik: Dit moet duidelik op geboortekennisgewings aangetoon word wanneer tweelinge vir aantekening deurgegee word. In die geval van 'n tweeling bestaande uit 'n bul- en verskalf, moet die verskalf "NVR" (nie vir registrasie) aangeteken word. Sodra die verskalf volwassenheid bereik en binne 42 maande self 'n kalf gelewer het, kan sy vir keuring voorgebring word. Sodra sy goedgekeur is, sal haar status van "NVR" na geregistreer verander word.

Ons doen ook 'n ernstige beroep op u om asb aandag te gee aan foutelyste wat Stamboek aan u stuur ten opsigte van registrasies wat nie afgehandel kan word nie.

Onafgehandelde registrasies laat 'n negatiewe merk op ons registrasiesyfers wat ook negatief op ons ras reflekteer.

Neem asb. kennis dat Stamboek slegs reageer op skriftelike versoeke en dat hulle geen telefoniese opdragte sal uitvoer nie.

9. OPTELING VAN DIERE

Die optelingstelsel werk as volg:

- Komm. Moeder x C- of SP-bul = A-kalf (slegs vroulik word geregistreer, hoewel bulkalwers ook aangemeld moet word ten einde die moeder se kalfrekords op datum te hou).
- A-moeder x SP- of C-bul = B-kalf (slegs vroulik word geregistreer, hoewel bulkalwers ook aangemeld moet word ten einde die moeder se kalfrekords op datum te hou).
- B-moeder x **slegs** SP-bul = C-kalf (C-bulle word nie toegelaat nie)
- C-moeder x C-bul = C-kalf
- C-moeder x SP-bul = SP-kalf
- SP-moeder x SP- of C-bul = SP-kalf

10. 2011 VEILINGSDATUMS

Tambaraine	- 07/05/2011
Fonteine	- 28/05/2011
Circle C	- 04/06/2011
Nas.Veiling	- 09/07/2011
OWS-Kaap Klub	- 06/08/2011
Tambaraine	- 20/08/2011
Boran Genetics	- 26/08/2011
Vrystaat Klub	- 10/09/2011
B4 Veiling	- 17/09/2011
KZN Klub veiling	- 24/09/2011
Dr. BC Spies	- 05/10/2011
Waterberg Klub	- 15/10/2011
OWS-Kaap Klub	- 21/10/2011
Diamantveld Klub	29/10/2011
S. v. Oudtshoorn	05/11/2011

Veilings is een van die vertoonvensters van ons ras en daarom is dit krities belangrik dat elke teler wat diere op 'n veiling wil aanbied die veilingsreëls noukeuring moet nakom.

11. 2011 NAMPO

Baie dankie aan die Vrystaat Klub wat die Boran stalletjie tydens Nampo (17-20 Mei 2011) sal beman. Ons sien daarna uit om die stalletjie te gaan besoek !

Dit is belangrik dat elke teler homself op hoogte moet hou van belangrike inligting wat deur die Genootskap aan u gekommunikeer word. Hou asb. u Omsendskrywes vir terugverwysing of skakel met die kantoor indien u enige inligting benodig. Nuttige inligting kan ook op ons webtuiste www.boran.org.za verkry word.

Sukses met u boerdery!

Boran groete

Eloff Muller
PRESIDENT

March 2011

CIRCULAR

1	Office matters
2	2011 National sale
3	Sale rules
4	2011 Training courses
5	Embryo flushing Kenya
6	Performance testing
7	2011 Journal
8	Registrations
9	Upgrading of animals
10	2011 Sale dates
11	2011 Nampo

Boran Beestelersgenootskap van Suid-Afrika
Pobus 506,
Bloemfontein, 9300
Tel: 051-4100 951
Fax:051-448 4220 / 086 572 0762
e-pos:boran@studbook.co.za

1. OFFICE MATTERS

Welcome to our two new staff members. We trust that your association with the Society will be a happy and permanent one.

Marié van der Schyff was appointed as assistant secretary from February 01, 2011. She is currently employed on a half day basis and mainly deals with inspections, sale catalogues and the administration thereof.

Mr Stephan Buys was appointed on March 01, 2011 as the Society's Technical Advisor. He is very passionate about the beef industry and has in fact applied his knowledge and know how in America and England. He will mainly be active in the field with farm visits and supporting our inspectors on all levels.

2. 2011 NATIONAL SALE

Please note that the date for the national sale was changed to **09 July 2011** and will again be held at the
Afri Dome, Parys. Entry forms will be furnished to you by CMW Elite.

VERY IMPORTANT:

- Only inspected SP animals will be accepted. Bulls to be 30 months and older and females to be pregnant or with calf at foot.
- Number of entries permitted per breeder – 3 bulls and 3 females
- The official flushing records of animals that are on offer must be available.
- Members wishing to publish pictures of their animals in the National Sale brochure must please provide such material to CMW.

3. SALE RULES

The significant growth in our society requires changes to be implemented from time to time.

Please note therefore that in future only inspected registered animals may be offered on a sale under the auspices of the society. No animals that had not been inspected will appear in the sale catalogue of the society.

The updated sale rules are available from the office as well as on the web site www.boran.org.za.

4. 2011 BORAN TRAINING COURSES

You are strongly advised to attend the training courses to be presented during 2011. These courses span two days and are presented in cooperation with the ARC and by Mr Clynton Collett. All necessary training material which you can also use after the course will be available.

Preliminary dates:
22-23 March 2011 - Fonteine Borane – North-West.
April 2011 - Clynton Collett – Free State.
07-08 June 2011 – Tambaraine Boran – Mosselbay.
October 2011 - Clynton Collett – Free State.

The purpose of the training courses is mainly to provide existing, new and potential breeders with extensive information as well as practical and administrative training in regard to stud breeding. Practical training includes the actual analysis of the Boran.

Please contact our training official Mr Clynton Collett on (051)654 0538 / 082-463 5936for further information.

5. EMBRYO FLUSHINGS KENYA

Inspections will be done in Kenya during March 2011 and a list of the approved animals will thereafter be available at the office. It is essential that breeders wishing to import embryos ensure that both the embryo and semen donors are inspected by the Society.

The cost of inspection of animals that do not fall within the group of inspected animals will be for the breeder's own account. Embryos imported of animals that had not been inspected are done at own risk and such off spring will not be accepted by the Society for registration.

6. PERFORMANCE TESTING

At the 2010 AGM compulsory participation in performance testing was adopted. The weaning weight of calves and the weight of the dam at weaning must therefore be recorded. You received the necessary ARC application forms with the October 2010 circular.

It is cause for concern however to note that very few members have joined and should you be one of them, please do so as a matter of urgency.

We appeal to members please to honour decisions adopted at the AGM. It is in fact your cooperation and support that determine the success of the Society – thank you for your cooperation.

7. 2011 JOURNAL

It is with much excitement that we look forward to the publication of the 2011 Journal. Our sincere appreciation to Lollie Botha for her professional service with the layout and compilation of the journal. Thanks also to all advertisers and those that had submitted articles. We appreciate your contributions in this regard.

8. REGISTRATIONS

Please remember that all offspring of registered females must be notified at SA Stud Book, irrespective of the calf being aborted, still born or a B bull calf. Such information is required for the calving record and inter calving period of the dam.

Very important: Twins must be clearly indicated when submitted for notification. Should it be a mixed twin the heifer must be submitted as NFR (not for registration). When she reaches maturity and has calved before 42 months, she may be presented for inspection. If approved her status will be changed to registered.

We also appeal to members to please attend to fault lists sent to you by Stud Book in respect of registrations that can not be finalized.

Registrations that are not finalized reflect negatively on our breed.

Please also note that all instructions to Stud Book must be in writing as they do not execute any telephonic instructions.

9. UPGRADING OF ANIMALS

The upgrading system functions as follows –

- Commercial dam x C or SP bull = A calf (only females are registered although bull calves must also be notified for the calving record of the dam.
- A mother x SP or C bull = B calf (only females are registered although bull calves must be notified for the calving record of the dam.
- B mother x **only** SP bull = C calf (C bulls not allowed)
- C mother x C bull = C calf
- C mother x SP bull = SP calf
- SP mother x SP or C bull = SP calf

10. 2011 SALE DATES

Tambaraine	- 07/05/2011
Fonteine	- 28/05/2011
Circle C	- 04/06/2011
Nat. Sale	- 09/07/2011
OWS-Cape Club	- 06/08/2011
Tambaraine	- 20/08/2011
Boran Genetics	- 26/08/2011
Free State Club	- 10/09/2011
B4 Sale	- 17/09/2011
KZN Club sale	- 24/09/2011
Dr. BC Spies	- 05/10/2011
Waterberg Club	- 15/10/2011
OWS-Cape Club	- 21/10/2011
Diamantveld Club	29/10/2011
S. v. Oudtshoorn	- 05/11/2011

Sales are the shop windows of our breed – all breeders presenting sales must therefore adhere to the sale rules.

11. 2011 NAMPO

Our thanks to the Free State Club who will be manning the Boran exhibit at Nampo 2011.

Members, please stay abreast of office communications. Please keep your circulars or contact the office should you require any information. Also consult our web site www.boran.org.za for further information.

Lots of success with your farming enterprise!

Regards

Eloff Muller
PRESIDENT